Dr. S. F. BERKELBACH VAN DER SPRENKEL, *Catechetiek*. G. F. Callenbach, Nijkerk. 1956.

Met die verwarring van die moderne jeug is die Kerk ook verwikkel. Die Kerk moet daarom opnuut oor die kategetiek besin. En min mense is van kerklike kant so goed toegerus vir hierdie besinning oor die jeug se onderrig as die gryse altyd jeugdige Utrechtse hoogleraar in die Praktiese Teologie. In die Woord Vooraf voorsien die skrywer dat menige jong

predikant by die lees van die boek sal sug oor die vars skep werk wat nou al weer bygevoeg word. Dit weerhou die skrywer egter nie om die kategetiek as taak van die Kerk in al sy perspektiewe en grondig te bespreek nie. En die jong en ook die ou predikant, as hul die eerste onderdeel van die werk, die prinsipiële verantwoording van die kategese deurgelees het, sal kennis gemaak het tot hul voordeel met nie alleen kategetiek nie, maar met ampsleer, sakramentsleer, dogmatiek, etiek en pedagogiek.

Besonder leerryk versamel die tweede gedeelte van die boek die geskiedenis van die kategetiese onderrig van die Christelike Kerk. Dit begin met nawysbare kategetiese onderrig in die Nuwe Testament en volg die spoor deur die *patres*, die latere romeinse ryk, die Middeleeue, die Reformasie tot in die protestantse beoefening daarvan teenswoordig.

Die derde, die praktiese gedeelte behandel leerplanne, leermiddele en leerstof van die kategisasie. Uit die aard van die materiaal maar veral uit die rype ervaring, belesenheid en langdurige besinning van die skrywer groei hierdie gedeelte tot 'n besonder geslaagde uit.

Hierdie boek met sy byna 400 bladsye is so inhoudryk dat nie alleen die kategeet nie maar elke opvoeder in die algemeen dit met die grootste vrug kan lees.

A. S. GEYSER.